5 Glenwoodweg/Road
Lynnwood Glen
0081 Pretoria
Suid-Afrika/South Africa

Posbus/PO Box 72981
Lynnwoodrif/Ridge 0040
Pretoria, Suid-Afrika/South Africa

Tel +27 (0) 12 472 9514
Faks/Fax +27 (0)86 759 4189
E-pos/E-mail: seedcert@sansor.co.za
Webblad/Website: www.sansor.org

SANSOR®

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE SAADORGANISASIE

SOUTH AFRICAN NATIONAL SEED ORGANIZATION

NPC Reg. No 1989/003392/08

(Scroll down for English)

Verw. nr. 14/2/R
21 Februarie 2017

AAN ALLE SANSOR LEDE BETROKKE BY SAADSERTIFISERING

OMSENDSKRYWE

SERTIFISERINGSFOOIE VIR 2017; OPGAWE VIR ETIKETTE, SEÈLS EN SERTIFIKAATNOMMERS

Aangeheg vind asseblief die onderskeie fooie vir dienste en voorraad wat vir sertifisering aangewend word, wat vanaf **1 Maart 2017** van toepassing is. Let asseblief daarop dat verskillende fooie vir Nasionale Sertifisering teenoor Internasionale Sertifisering (OECD, AOSCA, SADC) gehef word. U moet gevolglik duidelik aandui wanneer u eenhede registreer vir sertifisering indien die betrokke eenheid vir plaaslike (Nasionale), OECD, AOSCA of SADC Sertifisering geoogmerk is. Maatskappye wat nalaat om tydens registrasie aan te dui vir watter Skemas registrasie aangevra word of ‘n eenheid slegs vir Nasionale Sertifisering registreer en dan daarna aansoek doen vir die uitreiking van OECD, AOSCA of SADC Sertifikate, sal dan vir R250.00 per Sertifikaat aangeslaan word om die addisionele administrasie te dek – bewys van betaling daarvan sal dan voorgelê moet word voordat die betrokke Sertifikate uitgereik sal word. Indien u vir beide Nasionale en Internasionale Sertifisering van ‘n spesifieke eenheid aansoek doen, sal slegs die fooie van toepassing op internasionale sertifisering (OECD, AOSCA) betaalbaar sal wees. Let verder daarop dat slegs variëteite waarvan die benaming daarvan in die betrokke Internasionale Skema se Variëteitslys voorkom, ingevolge die betrokke Internasionale Skema gesertifiseer mag word.

U aandag word dringend daarop gevestig dat alle Aansoeke vir die Registrasie van ‘n Stuk Grond as ‘n eenheid, ongeag die Skema waarvolgens sertifisering versoek word, SANSOR moet bereik binne 28 dae na die plant van die betrokke eenheid ‘n aanvang geneem het. Ingevolge ‘n besluit geneem deur die Sertifiserings Staandekomitee, moet alle registrasies wat laat ontvang word, onderhewig word aan ‘n boete wat gelyk staan aan die totale aanvanklike registrasiefooi van die betrokke eenhede, met ander woorde die registrasiefooi word verdubbel.

DIREKTEURE / DIRECTORS
SL Allen (Voorsitter/Chairman), B Lever, DE Malan, JJ Odendaal, R Roselt, P Smit

SEED IS LIFE ISF
Full member of the International Seed Federation

U aandag word daarop gevestig dat u voor 15 Maart 2017 ‘n Opgawe by seedcert@sansor.co.za moet indien waarin die aanwending van die etikette en seëls wat aan u verskaf is, getabuleer word – die betrokke Excel Werkblad is voorheen aan u verskaf. ‘n Nuwe vorm vir gebruik vir die 2017/2018 jaar is aangeheg. Neem verder ook kennis dat alle ongebruikte Sertifikaatnommers wat voorheen aan u uitgereik is, op 1 Maart 2017 verval en dat u by Tessa Kleyn by techman@sansor.co.za of 012 472 9510 moet aansoek doen vir nuwe Sertifikaatnommers vir gebruik gedurende die 2017/2018 tydperk.

Neem kennis dat dit binnekort verpligtend gaan word dat die unieke sertifiseringseëls- en -etiketnommers wat aan die houers van elke saadlot aangebring is, op die Aansoek (Voorlopige Sertifikaat) of Ontledingsverslag aangedui moet word voordat ‘n finale Sertifikaat uitgereik sal kan word; hierdie serie nommers moet ooreenstem met dié wat in Werkblad die teenoor elke lot aangedui is.

Dit sal waardeer word indien u die omsendskrywe aan almal in u maatskappy sal sirkuleer wat betrokke is by saadsertifisering.

Groete

E Goldschagg
Tegniese Bestuurder

****

Ref. No. 14/2/R
21 February 2017

TO ALL SANSOR MEMBERS INVOLVED IN CERTIFICATION

CIRCULAR

CERTIFICATION FEES FOR 2017;
RETURN FOR LABELS, SEALS AND CERTIFICATE NUMBERS

Attached please find the respective fees for services and stock being used for certification, as applicable from 1 March 2017. Please note that different fees are now applicable for National Certification than for International Certification (OECD, AOSCA, SADC). Therefore, you have to indicate clearly when you register units for certification whether it is for local (National), OECD , AOSCA or SADC certification. Companies that do not indicate on the registration application form for which certification Schemes registration are required, or only register a unit for National Certification but eventually requests that OECD, AOSCA or SADC Certificates be issued, will then be charged R250.00 per Certificate to cover the additional administration – proof of payment will be required before the Certificates will be issued. Please note that in cases application is made for the registration of units for both National and International Certification, only the fees applicable for international certification need to be paid. Further note that only varieties of which the denomination thereof appears in the relevant International Scheme’s Variety List, ma be certified terms of the International Scheme concerned.

Your attention is urgently drawn to the fact that all Applications for the Registration of a Piece of Land as Unit, regardless of the Scheme according to which certification thereof is required, must reach SANSOR within 28 days that planting of the unit concerned commenced.

Following a decision taken by the Certification Standing Committee, all late registrations will be subjected to a fine equal to the initial registration fees of the units concerned, in other words the registration fee will be doubled.

Your attention is drawn to the fact that you have to submit the Return in which the use of Certificate numbers, as well as certification seals and labels that have been supplied to you, are tabulated before 15 March 2017 to seedcert@sansor.co.za This Excel spread sheet was previously supplied to you. A new form for use during the 2017/2018 year is attached. Please note further that all unused Certificate numbers that have been issued to you will expire on 1 March 2017. You have to apply to Tessa Kleyn at techman@sansor.co.za or 012 472 9510 for new Certificate Numbers for use in the 2017/2018 year. Also note that it will become compulsory soon that the unique certification label and seal numbers that have been attached to the containers of each lot be furnished on the Application (Preliminary Certificate) or Report of Analysis before a final Certificate for that lot could be issued, and that it must correspond with the respective serial numbers entered on this Return Form.

It will be appreciated if you would forward this circular to all persons who are involved with seed certification in your company.

Regards

E Goldschagg
Technical Manager
SANSOR